

15. Diakonale Sake

15.1 RAPPORT 1 – DIAKONALE SAKE – DIAKONALE INRIGTINGS (Art 191)

- A. Ds MJ Erasmus lewer die rapport.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag (Acta 2003:146, 2.2)

- 1.1 Die Deputate beheer alle diakonale inrigtings van die GKSA in samewerking met die plaaslike kerk in wie se ressort die bepaalde inrigting sorteer.
- 1.2 Om ten opsigte van diakonale inrigtings koördinerend op te tree, met die kerkverband te skakel, geldelike hulp te bied, die administrasie en organisasie deur 'n Skakeldeputaat te reël, ingesamelde gelde vir die inrigtings te administreer.
- 1.3 Om as verteenwoordigers van die kerkverband alle eiendomme wat kragtens sy opdrag verkry is, te beheer en in die regte belang daarvan op te tree.
- 1.4 Om pro-aktief op te tree deur skakeling en koördinering van alle diakonale werksaamhede van die Gereformeerde Kerke.
- 1.5 Om te skakel met die owerheid en ander barmhartigheids- en liefdadigheidsinrigtings volgens KO, art 26.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.5 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Skakeling na binne*

- 2.1.1 Die tydige beskikbaarstelling van finansiële inligting. Die Administratiewe Buro het die finansiële administrasie van SDDS oorgeneem (Acta 2003:149, 3.1) en bystand aan die tehuse op dié terrein verleen.
- 2.1.2 Die opstel van die nodige begrotings en beskikbaarstelling van maandelikse finansiële inligting.
- 2.1.3 Telefoniese skakeling met die tehuse asook besoeke een tot twee keer per jaar.
- 2.1.4 Voordragte is by die Diakonale Kongresse gelewer.
- 2.1.5 Briewe is aan diakonieë en Kerkrade oor verskeie sake gerig. Oor seker sake is daar diakonieë wat getrou reageer en dan ook bystand verleen. Tog is dit duidelik dat briewe oor die algemeen nie die nodige aandag geniet nie en die kerkverband behoort daarvan kennis te neem.

2.2 *Skakeling na buite*

2.2.1 Skakeling met die Owerheid

Die kinderhuse het direk, waar nodig, met Provinsiale Departemente van Welsyn geskakel.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.1 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbeveling

- 3.1 Die te benoemde Deputate die opdragte (punt 1) kontinueer.

Besluit: Goedgekeur.

15.2 RAPPORT 2 – DIAKONALE SAKE – BESTUUR VAN KINDERHUISE EN OORDRAG VAN SDDS OUETEHUISE (Artt 192, 193)

- A. Ds MJ Erasmus lewer die rapport.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag (Acta 2009:142, 2.4.1.5)

Die te benoeme Deputate word opdrag gegee om in die lig van KO, art 36 te besin oor die betrokkenheid van die SDDS by die bestuur van kinderhuise. In die besinning moet aandag gegee word aan die redes waarom die SDDS-ouetehuse aan die Residensia Stigting bemaak is, asook oor die betrokkenheid van die SDDS (en diakonieë van alle kerke) by die geestelike en fisiese versorging van die kinders in die tehuse.”

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Kinderhuise*

- 2.1.1 Die SDDS is 'n art 21 maatskappy. Dit impliseer dat die Deputate wat deur die Sinode aangewys is, ook direkteur is en wat onder andere verantwoordelik is vir beheer en toesig en raad aan die kinderhuishuisbestuur.
- 2.1.2 Die SDDS vergader gereeld. Op die vergaderings word daar deur elke kinderhuis verslag gedoen van die finansies, personeel, dag tot dag versorging van die kinders, behoeftes op materiële gebied, wat insluit fisiese fasiliteite en ander finansiële nood.
- 2.1.3 Die SDDS koördineer en fasiliteer en reguleer die verspreiding van die finansies wat die kerke bydrae met volle insae en samewerking van die twee kinderhuise.
- 2.1.4 Wat die dag tot dag versorging en bestuur van die kinderhuise aanbetref is dit die verantwoordelikheid van die onderskeie kinderhuisbestuurders in samewerking met die onderskeie besture. Wat die skakeling met die onderskeie provinsiale owerhede aangaan, is dit ook die verantwoordelikheid van die onderskeie bestuurders. Enige hulp wat die tehuse egter mag vra, word deur die SDDS voorsien. Die kinderhuise behoort ook aan die SDDS art 21 maatskappy.
- 2.1.5 Die geestelike versorging kry baie aandag. Die kinders word in die plaaslike Gereformeerde Kerke gekatkiiseer, terwyl die plaaslike predikante waar die kinderhuise geleë is, die geestelike versorging van die kinders waarneem. Daar word ook soos in 'n normale Gereformeerde huisgesin huisgodsdienst gehou en kinders het ook geleentheid vir persoonlike stiltetyd.
- 2.1.6 Daar word baie moeite gedoen om die kinderhuise se nood en behoeftes onder die aandag van diakonieë te bring. Alle belangstellendes word ook uitgenooi om betrokke te raak en gevolglik is daar verskeie diakonieë wat aktief by die kinderhuise betrokke is.

2.2 *Die Ouetehuse*

- 2.2.1 Daar was aanvanklik drie ouetehuse wat onder die jurisdiksie van SDDS geval het, naamlik Waterberg Ouetehuis (Nylstroom), Ons Huis Ouetehuis (Florida, Johannesburg) en Huis Dirk Postma Ouetehuis (Burgersdorp).
- 2.2.2 Die ouetehuse het ontstaan onder die inisiatief van die onderskeie Kerkrade in die gemeentes waaronder hulle ressorteer. Die situasie het egter ontstaan dat al meer lidmate van ander kerklike denominasies as inwoners opgeneem is, omrede finansies dit nie meer toegelaat het dat ouetehuse nie ten volle beset is nie. Die gevolg was dat daar 'n baie klein persentasie Gereformeerde lidmate in die ouetehuse gehuisves is. Die SDDS se uitgangspunt is volgens die Skrif en die Formulier vir bevestiging van die diakens geneem naamlik dat elke individuele diakonie moet toesien dat niemand

- weens “armoede, eensaamheid, ouderdom, siekte of om ander redes van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie.”
- (a) Elke diakonie is eerstens verantwoordelik vir die bejaardes in sy eie gemeente.
 - (b) Daarna sekerlik ook vir die geloofsgenote, en daarna vir ander bejaardes.
- 2.2.3 Die probleem het al meer ontstaan dat die kerkverband vir net enkele bejaarde Gereformeerde lidmate, drie ouetehuse moes onderhou. Dit was prinsipieel nie meer haalbaar nie. In ’n ekonomiese omgewing van stygende koste en dalende ondersteuning vanaf owerheidsweë het dit al moeiliker geword om die ouetehuse op ’n gesonde finansiële basis te bedryf.
- 2.2.4 Residentia-Stigting is ook ’n art 21 maatskappy wat met groot kundigheid bestuur word en het die Stigting twee van die ouetehuse oorgeneem. Omdat die Stigting reeds ’n ouetehuis op Bethulie onder moeilike omstandighede bedryf, is nie kans gesien om Huis Dirk Postma Oueteuis op Burgersdorp ook oor te neem nie.
- 2.2.5 Die gemeenskap van Burgersdorp het egter aangedui dat hulself die bestuur van Huis Dirk Postma Oueteuis self sal oorneem en is die oordrag bewerkstellig en afgehandel. Die ondersteuningsbasis van die oueteuis is verbreed deurdat die hele plaaslike gemeenskap in ’n groter mate by die oueteuis betrek is.
- 2.2.6 Hierdie aangeleentheid is finaal afgehandel.
- 2.3 *Glenzicht Aftree-oord*
- 2.3.1 Sedert Sinode 2009 is die volgende uitstaande sake by die Glenzicht-projek afgehandel
- 2.3.1.1 Die retensiewerk wat nie deur die Ontwikkelaar nagekom is nie, is finaal afgehandel.
 - 2.3.1.2 Die rente aan die inwoners verskuldig deur die Ontwikkelaar is bereken en aan die inwoners betaal.
 - 2.3.1.3 Die enigste uitstaande saak is die konsolidasie van die twee erwe waaruit die oorspronklike terrein bestaan het wat nie deur Marprieu volgens kontrak afgehandel is nie. Die bestuur het opdrag gegee en die konsolidasie is wel in die akteskantoor gedurende Januarie 2009 afgehandel, maar probleme word steeds ondervind deurdat Johannesburg Stadsraad die nodige administratiewe handeling rondom die konsolidasie uitvoer en afhandel nie. Probleme word ook ondervind met gelewerde munisipale rekeninge van die aftree-oord. Oor hierdie saak sal in die Aanvullende Agenda gerapporteer word.
 - 2.3.1.4 ’n Versorgingseenheid waarvoor die infrastruktuur daargestel is, is wel vir ’n tyd by die oord bedryf. Die diens is gestaak nadat die verskaffer nie die mas kon opkom nie. Die bestuurskomitee van Glenzicht is weer besig om ondersoek te doen of dit wel moontlik is om ’n versorgingsoord by Glenzicht ekonomies te bedryf.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.3.1.4 kennis geneem.

3. Sake waarvoor die Sinode besluit

Aanbevelings

- 3.1 Dat die Sinode kennis neem van hierdie Rapport.
- 3.2 ’n Woord van dank word gerig aan br CJH Kruger vir die harde werk, tyd en baie moeite aan Glenzicht Aftree-oord bestee.

Besluit: Punte 3.1 en 3.2 goedgekeur.

D. AANVULLENDE RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kan kennis neem

1.1 *Versorging van afgetrede werknemers van SDDS*

- 1.1.1 Die Deputate het die volgende opdrag van Sinode 2009 ontvang:
 - (i) Dat goedkeuring verleen word dat ’n fonds vir die begin van R200 000 in die lewe geroep word met die doel dat voormalige werknemers in die daaglikse versorging bygestaan word.

- (ii) Dat die te benoemde Deputate hierdie aangeleentheid as 'n saak van prioriteit ondersoek en dadelik maatreëls in plek stel dat die aangeleentheid met waardigheid afgehandel kan word (Acta 2009, 141, 2.3).
- 1.1.2 Die Deputate het 'n fonds, die "Mediese Bystandsfonds" (omdat mediese uitgawes die grootste verpligting in pensioenarisse se begroting is) daargestel met die doel om bystand te verleen aan:
"Werknemers van die kinderskole voor 2000 wat die broodwinner van die huisgesin was en hulle afhanklikes, en na aftrede 'n maandelikse pensioen ontvang, is die verantwoordelikheid van die kinderskole waar hulle gewerk het na analogie van KO, artt 11, 13 en 20 en dan met tussenkoms van die plaaslike diakonie waar hulle woonagtig is."
- 1.1.3 Die fonds is begin en kon gedurende die 2009/2010 finansiële jaar aangevul word. Weens 'n gebrek aan fondse kon die fonds in die 2010/2011 finansiële jaar nie aangevul word nie. Die Deputate het in die huidige finansiële jaar reeds kennis ontvang van 'n erflating wat deur die Deputate aangewend kan word. 'n Besluit is geneem dat 'n deel van die erflating tot voordeel van hierdie fonds aangewend sal word.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.1.3 kennis geneem.

1.2 *Rondom Glensicht Aftree-Oord*

- 1.2.1 Soos in die Rapport vermeld is probleme met die konsolidasie van die twee oorspronklike erwe ondervind.
- 1.2.2 Die Stadsraad van Johannesburg is tans in proses om die eiendom te waardeer. Die bestuur van SDDS sal dan die geleentheid hê om die waardasie te betwis sou 'n onrealistiese waardasie daar gestel word. Sodra die waardasie finaal afgehandel is, sal die eiendom deur Stadsraad van Johannesburg op die munisipale waardasierol geplaas word en sal huidige probleme met diensterekeninge dan waarskynlik finaal opgelos kan word.

Besluit: Punte 1.2 tot 1.2.2 kennis geneem.

1.3 *Aanbeveling vir te benoeme Deputate*

- 1.3.1 Die Sinode wys die volgende Deputate aan:
- 1.3.1.1 'n Voorsitter, Ondervoorsitter en een persoon om die sake namens SDDS by Glensicht te hanteer. 'n Verdere 4 persone word aangewys waarvan 2 uit die jong kerke (verkieslik 1 uit die Vrystaat en 1 uit die Gauteng-omgewing) aangewys moet word.
- 1.3.1.2 Verder moet die Bestuur van die twee kinderskole self 2 Deputate elk aanwys.
- 1.3.1.3 Die Adjunk-Bestuurder van die Administratiewe Buro as Skakeldeputaat en die 2 inrigtingshoofde is ex officio-lede van die Deputate.
- 1.3.1.4 'n Adviseur.

Besluit: Punte 1.3.1 en 1.3.1.4 goedgekeur.

15.4 RAPPORT 4 – DIAKONALE SAKE – BESTUUR EN FINANSIËLE BEHEER (Artt 193, 196, 197, 198, 199, 271)

- A. Ds MJ Erasmus lewer die rapport en finansiële state.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.
- C. **Besluit:** Die finansiële state word na die Kommissie Finansies verwys.
- D. Oudl HAJ Oosthuizen rapporteer namens die Kommissie Finansies.

E. RAPPORT

1. Opdrag (Acta 2006:168, 5)

- 1.1 Dat die finansiële beheer van alle skemas onder die beheer van die SDDS steeds sal setel onder die Bestuur van die Administratiewe Buro.
- 1.2 Dat die geouditeerde state jaarliks aan die Bestuur van die Administratiewe Buro voorgelê moet word asook aan die Ouditkomitee van die Ledevergadering.

Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 2.1 *Algemeen:* Die Deputate tree koördinerend op ten opsigte van
 - 2.1.1 Insameling en hantering van fondse.
 - 2.1.2 Bepaling van beleid met betrekking tot personeel.
- 2.2 *Insameling en hantering van fondse:* fondse is op die volgende wyses ontvang en geadministreer:
 - 2.2.1 Waar spesifieke opdragte vir die aanwending van fondse ontvang is, is hierdie opdragte stiptelik uitgevoer.
 - 2.2.2 Waar fondse ontvang is vir algemene aanwending deur SDDS, is hierdie fondse verdeel met in agneming van die volgende
 - 2.2.2.1 Fondse wat direk aan die kerkverband aan tehuise gestuur is.
 - 2.2.2.2 Spesifieke behoeftes by die tehuise.
 - 2.2.2.3 Normaalweg het die verdeling op 'n gelyke basis geskied maar verdelings is ook gedoen waar die tekort op 'n bepaalde tydstip die grootste was.
 - 2.2.2.4 Inspraak deur die kinderhuise oor fondse wat vir hulle ontvang is.
 - 2.2.2.5 Verdeling om voorsiening te maak vir bystand aan diakonieë kragtens KO, art 25 (kyk Rapport 6).
 - 2.2.3 Die geouditeerde state word jaarliks aan die Bestuur van die Administratiewe Buro en aan die Ouditkomitee van die Ledevergadering voorgelê.
- 2.3 *Subsidies:* Soos in die verlede het dit weer duidelik geword dat subsidies van owerheidweë nie met inflasie tred hou nie. Soos by alle welsynsorganisasies word die finansies van die kinderhuise steeds jaar vir jaar onder groter wordende druk geplaas.
- 2.4 Gedurende die afgelope drie jaar het die Besture en personeel van ons kinderhuise nog steeds op alle terreine saamgewerk en gereeld vergader om sake van gemeenskaplike belang te bespreek.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.4 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbeveling

- 3.1 Die te benoeme Deputate kontinueer die opdrag (punt 1)

Besluit: Aanbeveling goedgekeur.

F. FINANSIËLE STATE

Kyk Addendum: Finansiële State agterin Handeling.

Die finansiële state is jaarliks behoorlik geouditeer en opgestel volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk. Daar is ook jaarliks 'n ouditkomiteevergadering

gehou, waarby 'n onafhanklike rekenmeester teenwoordig is. Tydens die vergadering word relevante sake bespreek met die ouditeur en rekenmeester.

Die Kommissie is van oordeel dat die stelsels en prosesse, vir beheer en toesig, wat goedgekeur is geïmplementeer is en goed funksioneer. Die state is ook jaarliks na hierdie vergadering aan afgevaardigdes van die Streeksinodes en deur hulle na die Klassisse en gemeentes, deurgegee.

G. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

Aanbevelings:

1. Die state is gekontroleer en in orde bevind.
2. 'n Inskrywing op die state met verwysing na nota 8 is opgevolg en die regstelling sal met die ouditeur opgeneem word.

Besluit: Aanbevelings goedgekeur.

15.5 RAPPORT 5 – DIAKONALE SAKE – NOODLYDENDES EN NOODTOESTANDE (Artt 200, 201)

- A. Ds MJ Erasmus lewer die rapport.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag: (Acta 2003:147, 2.2.2.1)

- 1.1 Die primêre opdrag is om in samewerking met plaaslike diakonieë, ook in ander Sinodes, daadwerklike en deurlopende hulp te verleen aan alle mense wat geen kos, klere en onderdak het nie. In die hulpverlening moet voorkeur gegee word aan aansoeke waar noodlydendes in staat gestel word om in groter mate selfversorgend te word.
- 1.2 Stel ondersoek in na noodsituasies en -toestande binne en buite die Republiek van Suid-Afrika. Bekom gegewens oor die nood van geloofsgenote binne en buite die GKSA en ook van ander (Gal 6:10).
- 1.3 Maak en behou kontak met ander kerklike instansies, liggame en instellings wat gemoeid is met soortgelyke hulpverlening.
- 1.4 Gee aan die Kerke inligting en advies oor tersaaklike hulpverlening.
- 1.5 Kry opdrag om alle behoeftes onder die aandag van kerke en diakonieë te bring en bydraes tot die Fonds vir Noodtoestande te vra.
- 1.6 Dra daartoe by, sover moontlik, dat die uitdeling van hulp volgens die eise van die amp van diaken sal geskied.
- 1.7 Vind weë en middele om hulle werk aan die kerke in die ressort van die Algemene Sinode bekend te stel.
- 1.8 Wys by konstituering iemand uit eie geledere aan om in samewerking en in oorleg met Deputate vir Radio en TV, sake na Radio, TV en kerklike nuusblaaie deur te stuur.
- 1.9 Lig kerke in oor hulle opdrag en voorsien diakonieë van die toepaslike aansoekvorms.
- 1.10 Die Deputate moet in hulle Rapport aan die Sinode besonderhede van die hulpverlening aan kerke en instansies verskaf.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.10 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 2.1 Gedurende hierdie termyn het die Deputate die fonds jaarliks op 'n vasgestelde bedrag van R200 000 gehou. Sodra die Deputate bewus geword het van nood, is briewe aan diakonieë gerig om die spesifieke nood onder hul aandag te bring.
- 2.2 Sake wat aandag geniet het en waarvoor toekennings gemaak is of inligting deurgegee is: (met hierdie toekennings is die Sinodeopdragte nougeset nagekom)
 - 2.2.1 Nood van inwoners in Zimbabwe
 - 2.2.2 Noodlydendes in Haiti
 - 2.2.3 Noodlydendes in Japan
 - 2.2.4 Inligting deur gee rakende 'n mediese geval by die GK Boksburg-Suid.
- 2.3 Hoewel ons die saak van hulpverlening aan diakonieë vir noodleniging gereeld in die kerkverband bekend gemaak word, ontvang ons weinig aansoeke om hulp uit die noodfonds terwyl die vermoede bestaan dat daar tog nood bestaan. Die Deputate word genoodsaak om in terme van die Sinode-opdrag self navraag te doen na nood wat mag bestaan.
- 2.4 Dit is duidelik dat
 - 2.4.1 Sommige voorsitters van diakonieë nie posstukke nie ontvang nie.
 - 2.4.2 Diakonieë gee min aandag aan skrywes wat ontvang word.

2.4.3 Die vinnige wisseling van diakens bring ook mee dat kontinuïteit 'n probleem skep.

2.4.4 Gebrek aan kennis in die afhandeling van sake.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.4.4 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbeveling

3.1 Die te benoeme Deputate die opdragte (punt 1) kontinueer.

Besluit: Aanbeveling goedgekeur.

D. AANVULLENDE RAPPORT

1. Nood in die kerkverband

Die Deputate het reeds voor die vorige Sinode bewus geword van die nood wat onder die lidmate in die kerkverband oor 'n breë front bestaan en dat diakonieë dit moeilik vind om volledig hieraan aandag te skenk. Daar is in die verlede gepoog om diakonieë in Klassis verband saam te snoer, maar die pogings was nie volhoubaar nie. Intussen word die probleme steeds meer en word diakonieë met eie probleme, van wissellende aard en omvang, gekonfronteer. Waar die Deputate nog nie werklike 'n oplossing kon vind wat spesifiek op die GKSA gerig is nie, word die Sinode versoek om die vorige opdrag aan die Deputate te kontinueer.

Besluit: Kennis geneem.

2. Noodtoestande

Na die Rapport ingedien is het die Deputate bewus geword van die nood van boere in die Noordwes Provinsie en die Vrystaat wat groot verliese gely het weens veldbrande. 'n Bedrag is aan AgriSA beskikbaar gestel wat gebruik is vir die aankoop van veevoer.

Besluit: Kennis geneem.

15.6 RAPPORT 6 – DIAKONALE SAKE – BYSTANDSFONDS (KRAGTENS KO, ART 25) (Art 202)

- A. Ds MJ Erasmus lewer die rapport.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag: (Acta 2003:45, 2.1.8.1)

Om hulp op die volgende wyse te verleen aan kerke vir hulp aan predikante wat ingevolge KO, artt 12, 79 of 80 die bediening voor 1994 verlaat het: Behartig ten opsigte van die Ondersteuningsfonds (Bystandsfonds vir diakonieë KO, art 25) die bestuur, beheer en belegging van beskikbare fondse, vra addisionele vrywillige hulpverlening indien omstandighede dit vereis, stel die Ondersteuningsfonds aan alle kerke bekend, skep 'n positiewe gesindheid vir die Fonds by lidmate en diakonieë en gee aan die Sinode riglyne vir bydraes tot die fonds vir die volgende drie jaar

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 2.1 Die Deputate het aan diakonieë briewe gestuur waarin die besluite van die Nasionale Sinode 1994 meegedeel is en die riglyn van 'n vrywillige bydrae beklemtoon is. Intussen het die Deputate drie diakonieë bygestaan in die versorging van KO, artt 12, 79 of 80 predikante.
- 2.2 Briewe is aan alle diakonieë gerig om hulle op te roep om vir hierdie saak by te dra met verwysing na die riglyn van R10 per belydende lidmaat.
- 2.3 Enkele diakonieë het wel gehoor aan hierdie versoeke gegee, maar die Deputate was genoodsaak om van tyd tot tyd hierdie uitgawe uit die algemene toekennings aan te vul.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbeveling

- 3.1 Die te benoeme Deputate kontinueer die opdrag (punt 1).

Besluit: Aanbeveling goedgekeur.